**10 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 86**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 86:4**

## Blydskap in die Here

As dit sleg gaan sodat dit lyk asof daar nie meer hoop is nie, is daar nog iets te doen. Dit leer ons by hierdie geïnspireerde psalmskrywer. Dit gaan sleg en daar is geen blydskap moontlik nie – maar net omdat sy God wat hy verwag nog nie opgedaag het nie.

Mag ons wel so dink as gelowiges? Ja en nee. Nee, want die Here is naby (Fil. 4:4, 5) en die Here belowe om altyd by ons te wees (Matt. 28:20). Ja, want deur ons swakheid struikel ons en val. Ons word bedreig deur gewetenlose misdadigers en mense wat ons wil uitbuit. Ja, want die volle oorwinning van ons Here het nog nie deurgebreek nie.

Gebed is ‘n verlange na die Here. In hierdie onvolkomenheid waarin ons lewe, verlang ons na die Here en die kleinste blyk van sy nabyheid maak ons harte bly. Verder kan ons met vertroue uitsien dat die Here weer kom en vra dat Hy ons bly maak. Ons Here alleen is God. Eendag sal alle nasies voor Hom buig (vs. 9). Hy sien ‘n swakke raak (vs. 1) en is barmhartig en genadig (vs. 14). Dit beteken Hy gee wat ons nie verdien nie en kom ons help al is Hy niks teenoor ons verskuldig nie. Hoeveel meer kan ons, wat weet dat sy belofte van ‘n Verlosser in ons Here Jesus waar geword het, ons nie verbly nie! Hy kom weer om ons volkome te verlos. Daarom kan ek ook al bly wees, al lewe ek nog in hierdie onvolkomenheid.

*Sing: Psalm 86:2, 7 (p. 431)* *Ds Pieter Odendaal (Harrismith/Qwa-Qwa)*